Erediens: **5de Sondag na Trinitatis**
Gelewer: **30 Junie 2024 in Kroondal**
Preekteks: **Lukas 5: 1-11**
Prediker: **Luise Behrens**

Gesange vir Sondag:
Maand lied: LB 547
LB 197 v 1-2
LB 156 v 1 en 4
LB 511 v 1-2
Nagmaal Gesange:
LB 302
LB 253
LB 297
(LB = Liedboek van die Kerk)

Eendag was Jesus op die strand van die See van Galilea besig om te preek, en groot menigtes het na Hom toe gebeur om na die woord van God te luister. Hy het twee leë skuite aan die waterkant gesien waar vissermanne dit gelos het om hulle nette te was. Jesus het in een van die skuite geklim en die eienaar, Simon, gevra om dit 'n entjie in die water te stoot. Hy het in die boot gaan sit en die skares van daar af geleer. Toe Hy klaar gepraat het, het Hy vir Simon gesê: "Vaar nou dieper in en gooi julle nette uit om te vang." "Meneer," het Simon geantwoord, "ons het die hele nag hard gewerk en het niks gevang nie. Maar as u so sê, sal ons weer probeer." En hierdie keer was hulle nette so vol dat dit begin skeur het! Hulle het hul maats in die ander skuit geroep om te kom help en gou was albei skuite so vol vis dat dit amper gesink het. Toe Simon Petrus besef wat gebeur het, val hy op sy knieë voor Jesus en sê: "Here, gaan asseblief weg van my af – ek is 'n te groot sondaar." Want hy was verbyster deur die groot visvangs, net soos die ander by hom. Sy kollegas, Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeüs, was net so verbaas. Jesus het vir Simon geantwoord: "Moenie bang wees nie! Van nou af sal jy mense vang!" En toe hulle aan wal kom, het hulle alles net so laat lê en Jesus gevolg.

Here, seën ons praat en luister deur u Heilige Gees. Amen.

Preek

Liewe gemeente!

I.
Lara het gedruip! Na baie jare van studeer en leer: gedruip. Die ergste vrese het waar geword. Die nagmerries het werklikheid geword. Die resultaat is konkreet. Die eksamen nie geslaag nie. Teleurstelling, skaamte, uitputting – dit kom alles byeen. Weer probeer? Weer studeer? Weer daardie vrees?
"Meneer, ons het die hele nag hard gewerk en het niks gevang nie."

Klaar! Dis verby. Hulle was 8 jaar saam. Hulle was 'n paartjie sedert graad 10. Drie dae na die intrek in die gesamentlike woning het sy “uitgemaak”. Paul het uitgetrek. Toe vind hy uit: sy beste vriend was die rede vir die opbreek. Die pyn kan nie beskryf word nie. Weer 'n nuwe lewe begin? Alleen? Met 'n ander een? Nog ’n slag weer so diep betrokke raak by 'n ander persoon? Jouself weer so kwesbaar maak?
“Meneer, ons het die hele nag hard gewerk en het niks gevang nie.”

Afdanking om operasionele redes! Die gesprek het kort voor sy 50ste verjaardag plaasgevind. Sy departement bestuurder moes hom ongelukkig meedeel dat hy een van diegene is wat weens operasionele redes afgedank word. Nee, dis nie sy skuld nie. Andreas het alles reg gedoen. Baie toegewyd. Maar ongelukkig kan jy nie met 50 nie ophou nie. Hy weet wat nou kom. Hy het dit alles al voorheen meegemaak: aansoeke, werkonderhoude, dalk tog nog ’n heropleiding, ’n verhuising. Die gedagtes oor die toekoms maak hom amper lam. Sal hy dit nog kan doen? Wil hy dit nog doen?
“Meneer, ons het die hele nag hard gewerk en het niks gevang nie.”

II.
Die visserman Simon is moeg. Soveel moeite lê agter hom. Nou is hy uitgeput en teleurgesteld. Die resultaat is duidelik: hy kan vandag niks verkoop nie. Hy is nie 'n slegte visserman nie. Hy is bekwaam, hy weet dit. Maar vandag het dit nie gewerk nie. Niemand kan sê wat dit veroorsaak het nie. Dis hoe dit is. Jammer. Sy verstand sê: "Dit is nie jou skuld nie," maar diep binne is daar hierdie gevoel van mislukking, van skuldig wees.
“Vaar nou dieper in en gooi julle nette uit om te vang.”

Weer uit! Simon bly beleefd. Sy gas op die boot kan nie weet dat dit nie sal help nie. Elke visserman op die meer weet dat die vis slegs snags in die nette kom. Bedags is dit veels te onrustig en lawaaierig op die meer. As die visse reeds gedurende die nag weggekruip het, dan sal hulle beslis nie gedurende die dag kom nie. Simon weet dit uit ondervinding. Buitendien: hy kan eintlik nie meer nie. Hy wil nie meer nie. Hy het nie meer die energie vir so 'n ooglopend sinnelose onderneming nie.

Ons kan hulle verstaan: die student Lara, wat gedruip het; Paul, wat verlief is, en die 50-jarige Andreas, wat voor die maatskappy se deur gegooi is.
Vaar uit - die hele ding weer doen? Weer die risiko neem: om te druip, seer te kry of teleurgestel te word?
“Vaar nou dieper in! Die See van Galilea is ongeveer 50 meter diep. Jy kan net 'n paar sentimeter vêr sien. Daarna word dit donker. Simon moet daarheen vaar, waar dit diep is, en die nette in die onbekende, in die donkerte gooi.

III.

Maar as u so sê, sal ons weer probeer.
Dit is die grootste wonderwerk in hierdie verhaal: een mens vertrou op God se Woord. Hy doen dit selfs in stryd met alle menslik redelike oorwegings.

Weer die eksamen doen, al sê alle andere: neem 'n ander weg, dan was dit nie so bedoel nie, verander dan jou studierigting.
Reoriënteer jouself weer in die lewe, wees weer alleen, vra uit oor jou eie wense, wees dalk een of ander tyd weer gereed vir 'n nuwe liefde, al voel dit of dit nooit weer moontlik sal wees nie.
Begin oor in jou loopbaan, dalk alles weer verkoop en trek, alhoewel niemand kan sê of dit goed sal gaan nie, hoewel daar geen waarborg is dat dit die regte besluit is nie.
Maar as u so sê –
Geloof is vertroue, vertroue dat God se Woord ons sal lei, ons sal vergesel, ons sal ondersteun, dat God se Woord ons sal help om altyd weer te begin en nie moed op te gee nie. Geloof is vertroue dat ons dikwels moet gaan waar dit diep is, waar dit onseker lyk, waar dit donker is, om te ontdek dat God ook daar saam met ons gaan.

IV.

En hierdie keer was hulle nette so vol
Simon vertrou op die woord van Jesus en alles het reggekom. Dit is hoe die storie kon eindig. Dit sou 'n bemoedigende storie wees vir Lara, Paul en Andreas, vir almal wat uitgeput en teleurgesteld is na die mislukkings in die lewe.
Dit is ook ’n bemoedigende storie – maar anders as wat ons dink.
Die visserman Simon sterf nie eendag as 'n ryk visserman wat steeds vir sy kleinkinders van die vangs van sy lewe vertel nie. Vir die visserman Simon het sy hele lewe met een sin verander: *Maar as u so sê*
Op die ou end is dit 'n wêreldwye netwerk wat hy met hierdie eerste woorde begin skep het. Op die ou end is dit 'n netwerk wat mense regoor die wêreld verbind in die naam van Jesus: 'n netwerk wat geweef is uit die woorde van vertroue: *Maar as u so sê*.
'n Web van geloof in die Here wat geen mens alleen kan vashou nie. ’n Web van geloof waarin Lara, Paul en Andreas hulself ook kan plaas. ’n Net wat diegene wat dreig om te sink vang en uit die dieptes bring.
Hierdie net kom tot stand omdat die storie van die visserman Simon 'n wending neem waaraan hy self nooit sou gedink het nie.
Die visvang is so enorm dat alles dreig om te skeur. Die sukses is so groot dat Simon en sy metgeselle amper omkom. Hulle staan amper voor 'n keuse: verloor die net of verloor hul lewens. Soms kan jy verdrink as gevolg van sukses en geluk. Te veel van die goeie? Weer en weer lees jy van mense wat op die hoogtepunt van professionele sukses ophou, alles verkoop en aftree, hul nette sny en 'n nuwe lewe begin. Dit is te veel. Hulle besluit vir hul lewens en teen sukses, wat dreig om hulle te ruïneer.

V.

Toe Simon Petrus besef wat gebeur het, val hy op sy knieë voor Jesus en sê:
“Here, gaan asseblief weg van my af – ek is ’n te groot sondaar”
Petrus en sy metgeselle is so verskrik dat hy die einste persoon aan wie hy alles verskuldig is, wil wegstuur. Dit is te veel.

Op daardie oomblik herken Simon Jesus as die Seun van God, die Here. Hy ervaar dat God naby hom is. So naby dat dit net kan beteken: nou gaan hy sterf. Dit is vrees vir die dood wat hom laat val en skree:
"Here, gaan asseblief weg van my af – ek is 'n te groot sondaar"
Sonde - dit is die enigste moontlike verhouding wat Simon tussen God en mens ken: sonde, die skeiding van die mens van God. Wanneer 'n mens, wat 'n sondaar is, so naby aan God kom, kan dit in Simon se oë net beteken: Ek moet sterf. Ek, die persoon wat nie goed genoeg is vir God nie. Ek, die persoon wat nie genoeg vertrou het nie, nie genoeg geglo het nie.
Moenie bang wees nie! , sê Jesus vir Simon, die sondaar.
Jy hoef nie te sterf nie. Jy is reg teenoor God. *Moenie bang wees nie*!
Om naby God te wees beteken nie die dood nie, maar 'n nuwe lewe. Dit het almal, wat die *Moenie bang wees nie*! Gehoor het, ondervind: Abraham[i] sowel as Maria[ii], die vroue by die leë graf[iii] sowel as die hele Christelike gemeenskap[iv]. Hulle is almal 'n nuwe lewe, 'n nuwe toekoms deur God belowe. Simon se toekoms beteken: die bou van 'n netwerk:
"Moenie bang wees nie! Van nou af sal jy mense vang!"
Maar anders as visse word mense nie vir die dood gevang nie, maar word hulle vanuit die diepte in die lewe ingetrek. Lara, Paul en Andreas, hulle moenie gevang word nie, hulle moet nie deur siele vangers, in sektes, in 'n moeilike lewensituasie gelok word nie.
Wat mense soos hierdie drie nodig het, is nette wat hulle vashou en waarin hulle weet hulle geborge is. Hulle het mense nodig wat sal voortbou op die netwerk van vertroue. Wat moed gee om na God se woord te luister. Om hoop te gee dat dit die moeite werd is om met vertroue te leef:
Maar as u so sê..... God, ek wil dit weer probeer!
Ons is almal vissers van mense, wanneer ons oor sulke vertroue praat, wanneer ons sulke geloof gebruik om gemeenskappe te bou, hulp aan te bied, ons kerklike skepe oop te maak vir mense in nood en daardeur op die Here se hulp vertrou:
Maar as u so sê, sal ons weer probeer.
Amen.

Afsluitings gebed
Here, gee aan U kerk mense, wat bereid is om voort te bou op die netwerk van U gemeenskap. Wys ons die plekke waar U wil hê ons moet wees om in U naam te help.
Laat ons op U woord vertrou wanneer ons self in nood verkeer.
Amen.

Skrywer: Pastor Sabine Meister
Pfarrweg 18, 90547 Stein
sabine.meister@elkb.de

[i] Gen 15,1
[ii] Lk 1,30
[iii] Mt 28,5
[iv] Op 2,10